NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 25 SEPTEMBER 2022**

# SESTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
***Ons dogterskerke***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
**Klaagliedere 1:1-6; Psalm 137;**
**2 Timoteus 1:1-14; Lukas 17:5-10**

**SONDAG, 25 SEPTEMBER**

| | |
|---|---|
| | POSDAG |
| | DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:30 | Oggenddiens – ds Chris Barnardo |
| | Deuroffer: RCA (Indiërsending) |
| | Erediensspan 2 – Lorraine Louw |
| 09:30 | Kleuter- en Kinderkerk |
| GEEN | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |

**MAANDAG, 26 SEPTEMBER**

| | |
|---|---|
| 18:00 | Kooroefening |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |

**DINSDAG, 27 SEPTEMBER**

| | |
|---|---|
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 18:00 | Mannebybelstudie in Moederskamer |

**WOENSDAG, 28 SEPTEMBER**

| | |
|---|---|
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |

**DONDERDAG, 29 SEPTEMBER**

| | |
|---|---|
| 09:30 | Kuilsrivier Dienssentrum – Louis Hurter Boereorkes – Moedergemeente saal |
| | Sopbeurte: Engela Franken, Elmarie Scholtz, Christelle Smit, Loamie Olivier, Kotie Jonas |

| VRYDAG, 30 SEPTEMBER | |
|---|---|
| | **SKOLE SLUIT** |
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms |
| **SATERDAG, 1 OKTOBER** | |
| | |
| **SONDAG, 2 OKTOBER** | |
| | BIDDAG VIR DIE BEDIENING AAN DIE JODE<br>BIDDAG VIR BEJAARDES |
| 09:30 | Oggenddiens - Doop<br>Erediensspan 3 – Elsa Welman |
| GEEN | Kleuter- en Kinderkerk |
| GEEN | Aanddiens |
| GEEN | Senior kategese |

# GEMEENTENUUS

1. Die volgende lidmaatskap is ontvang:
   Johanna van den Heever vanaf Porterville
2. Johan Kriel se vrou Sosilla (Klein Zevenwacht) se ma is oorlede.
3. Pierre Swart (Othello) gaan die komende week hospitaal toe vir toetse.
4. Anna-Mari, dogtertjie van Nico en Joline Steyn (Parow) is ernstig siek in die hospitaal. Anna-Marie is die kleindogter van Johan en Annaline Norman.



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
2. Johan Laten tree tydens die oggenddiens van 16 Oktober op. Hy gaan gesels oor depressie.
3. Die buitelugdiens te Avalon sal op 6 November 2022 plaasvind.
4. **Onthou!!!!** Na die skoolvakansie, vanaf Sondag 16 Oktober, begin die erediens om 9:00.
5. Ds Chris is Oktober met Sabbatsverlof. Skakel asb vir ds Hannes op 0846273746 indien jy 'n dominee nodig kry.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



25/09 Marcelle Schreuder, Celésti van Zyl, Leeanne de Wit, Janelle Smit, Jandré Swanepoel
26/09 André Smuts, Dori-ann Schäfer, Gerhard Swart, Jannie Carstens(83), Amia Bartin
27/09 Wynand Deysel, Danie Bruwer, Nora van der Merwe, Jorina Botha
28/09 Tielman Roos, Estelle Hugo, Ettienne Vosloo, Caylem du Plessis, Daniël Gresse, Gerda Nel
29/09 Marja van Dalen, Estelle le Roux
30/09 Riaan van Zyl, Petra Wickens, Ruald Coetzee, Michael Prins, Leah Geyer
01/10 Susan Enslin(92), Dihan Vorster, Johan Weber, Manie Engelbrecht(95)

# WYNVEILING

## Wynveiling en Ete

**12 Oktober 2022**

**Kaapzicht Onthaalsentrum**
**Bottelary, Kuilsrivier**

**Drag: Semi-formeel**
**Afslaer: Beyers Truter**

**Kaartjies teen R250 per persoon beskikbaar by die kerkkantoor**

# EHW SMIT BEURS

Aansoeke om die bogenoemde beurs word tans ingewag van voornemende, verdienstelike studente in teologiese studie wat die goedkeuring van die NG Kerk wegdra en wie se ouers in die landdrosdistrik van Kuilsrivier woonagtig is.

Aansoekvorms is by die kerkkantoor (Moedergemeente) beskikbaar (tel. 021 903 1529).

Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 September 2022.

# DE EIKE KOSMANDJIE

Baie, baie dankie vir jou hulp, liewe lidmaat! Ook vir die kontantbydraes waarmee ons toiletware kan aankoop.

Hierdie mandjie bied groot uitkoms waar dit nodig is.

Items tans nodig, is:

Melk - al bring jy net 1 liter help dit iemand!
Suiker (1kg-pakkies)
Sout (500g-pakkies)
Soja maalvleis (200g/500g-pakkies)
Vrugteblikkies, enige sort

*Groetnis uit DIE KOSMANDJIE*

# KLERE EN VERE

Liewe Lidmaat

Dankie dat jy hierdie ***getuienisaksie van De Eike*** ondersteun!

Ons versprei klere, skoene, handsakke, hoede, serpe, baadjies, pajamas, kussings, linne, komberse, speelgoed, legkaarte, oorbelle, wol, materiaal, enigiets wat jy vir ons bring na mense in nood: Green Park, Huise Sonop en De Kuilen, Helpende Hand, Baby House, Nuwerus, Merweville, plaaswerkers.....

Wanneer jy begin wintersgoed uitgooi, bring dit asseblief kerk toe? Veral baba-, kinder- en tienerklere is in aanvraag.

Groetnis van 2 Vere

# MATRIEKFEES

## MATRIEKFEES – NOORDHOEK STRAND

## 7 – 14 DESEMBER 2022

‘n Week van son en see, kuier, ontspan, vriende maak en sommer net *chill* naby die natuur en naby God.

Koste R2 000. Skryf in vóór 1 Oktober en betaal slegs R1 800.

Kontak Faani by 083 856 1951 vir meer inligting.

Inskrywings by **https://forms.gle/WYCbYBcLqRbioLNc7**

# 2020 BYBELS en UIT DIE BEEK 2023

Lidmate wat 2020 Bybels en Uit die Beek 2023 bestel het, kan dit by die kerkkantoor kom afhaal.

Daar is 2 ekstra eksemplare van UIT DIE BEEK beskikbaar indien iemand wat vergeet het om te bestel, ook graag een wil hê.

Die spesiale aanbod op die 2020 Bybels is **verleng**. Lidmate wat dus graag ook wil bestel daarvan, is welkom om met die kerkkantoor te skakel.

# SKOOLVERLATERS

Die Kommissie vir Vrouelidmate wil graag vanjaar weer tydens die oggenddiens (daar is tans geen aanddienste nie) van 23 Oktober 2022 aan al ons matrikulante ‘n geskenkie oorhandig en hulle voorspoed toewens met die naderende eindeksamen.

Ons beskik oor die volgende name van Matrikulante. Indien jy weet van nog lidmate wat vanjaar in Matriek is, laat weet asb die kerkkantoor sodat ons hulle ook kan uitnooi na dié geleentheid.

- Réhan Botes
- Joubert Coetzee
- Ruhan Herselman
- Johan Heydenrych
- Monique Penderis
- Elmi Rossouw
- Alecxia Steyn
- Tiaan Strydom
- Jeanru van der Merwe
- Jean Visser
- Emrich Westenberg




# ORRELIS

Ons orrelis, René Ferreira, gaan na 26 jaar agter De Eike se orrel en klavier, teen die einde van 2022 aftree.

De Eike is dus in biddende afhanklikheid van die Here op soek na 'n nuwe orrelis.

Diensaanvaarding is DV op 1 Desember 2022.

Volledige inligting van die pos is op die kennisgewingbord in die voorportaal beskikbaar, sowel as by die kerkkantoor.

Sluitingsdatum vir aansoeke is 17 Oktober 2022.

# PREEKSKETS

**TEMA – IS IETS VIR MY ONMOONTLIK?**



Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Jeremia 32: 1-3a, 14-27

1. **Inleiding.** Geloofshelde het in die Bybelse tyd baie vreemde dinge gedoen wat onverstaanbaar in baie mense se oë was. Jeremia is een van daardie Bybelse figure wie se storie waarskynlik die meeste om die braaivleisvure vertel was.

2. **Wat het Jeremia gedoen?** Midde in die krisis wat Israel beleef, doen Jeremia iets wat die oë laat rek. Jeremia koop grond. Hy koop grond om te demonstreer dat daar toekomshoop is vir God se mense. Die toekoms, alhoewel dit donker is en die duisternis die mense oorweldig, is God steeds teenwoordig. Deur die aankoop van daardie grond wys Jeremia dat hy sy vertroue in die Here stel.

3. **Wat van ons?** God se kinders word geroep om dinge te doen wat dalk na malligheid kan lyk. Maar ons doen hierdie dinge omrede ons hoop in Jesus Christus gewortel is. Ons doen hierdie dinge want ons is geplant langs waterstrome wat lewe gee. Die Here is teenwoordig in ons hede en die Here sal teenwoordig wees in ons toekoms. Dit maak nie saak wat die lewe na ons kant toe gooi nie. Die Here sal deel wees van ons toekoms.

4. **Slot.** Ons belê in hoop. Wat 'n goeie koop is dit nie? Dit herinner aan die spreekwoord wat aan Martin Luther toegedig word: "Even if I knew that tomorrow the world would go to pieces, I would still plant my apple tree."